http://spilplus.journals.ac.za/

# TAALNORMERING EN WOORDEBOEKE: 'N PRAKTYKGERIGTE PERSPEKTIEF

D.C. Hauptfleisch

## 1 Inleiding

### 1.1 Begripsbepaling

Met die begrip 'taalnormering' word binne die konteks van hierdie artikel hoofsaaklik twee nosies bedoel, naamlik

(1) die formalisering en voorskrywing van bepaalde taalvorme wat aanvaar word as norme vir die taalgebruik wat vir algemene of besondere kommunikasiesituasies as standaard en korrek, en dus as gepas beskou word; en

(2) die bevordering van die toepassing van sulke norme in taalgebruik.

Die taalvorme wat hier bedoel word val onder die gebruiklike taalgebruikskomponente van uitspraak, ortografie, morfologie, sintaksis en leksikon.

Volgens Van Wyk (1978:100) dui die begrip 'norm' "hoofsaaklik op die aanwesigheid van maatstawwe, standaarde of rigsnoere, op reëlmaat, patroon of model". Taalgebruiksnorme sien hy as "natuurlike, meesal onbewuste, maatstawwe waaraan gepastheid van taaluitings deur taalgebruikers beoordeel word". Dié formulering impliseer volgens Van Wyk dat daar verskillende soorte norme is, afhangende van wat alles die gepastheid van taalgebruik bepaal. Gepaste taalgebruik moet onder andere aan logiese en werklikheidsnorme beantwoord, maar dit moet ook "maatstawwe bevredig wat deur die gemeenskap erken en toegepas word: dit moet met ander woorde aan sosiolinguistiese norme beantwoord".

Die gewone, veral nie-taalkundig geskoolde taalgebruiker assosieer taalnorme egter nie soseer met "natuurlike, meesal onbewuste maatstawwe" van taalgebruik nie, maar eerder met voorskrifte en reëls wat nagekom moet word

http://spilplus.journals.ac.za/



wanneer hy "korrek" of "gepas" wil praat of skryf. Hy aanvaar ook dat sulke voorskrifte en reëls dermate deur gesaghebbende taalkundiges en taalliggame soos byvoorbeeld die Taalkommissie van die Akademie genormaliseer en gestandaardiseer is, dat hy hulle sonder meer as riglyne vir sy taalgebruik kan aanvaar. Vir dié kategorie taalgebruiker sou die begrip 'taalnormering' dus ook die aspekte inhou van taalnormalisering (in die sin van "inooreenstemmingbrenging met 'n taalnorm") en taalstandaardisering (in die sin waarin Eksteen (1948b:56) standaardisering (in casu van Afrikaans) omskryf as "vaslegging van norme ter verkryging van eenvormigheid en uitskakeling van idiosinkratiese elemente"). Die terme "taalreglementering" en "taaldekretering" moet weens hulle veelal negatiewe waardes in die algemene taalgebruiksituasie vermy word. Dit is egter terme wat wel van belang is in die vaktermleksikografie, soos hier onder in par. 2.3 aangedui word.

Die begrip 'praktykgerig' in die titel dui eerstens op die mate en wyse van taalnormering waaraan daar in die leksikografiese praktyk aandag gegee word. Dit dui egter ook op die verwagtings wat veral die gewone taalgebruiker van taalnormering in woordeboeke koester om hom in die praktiese kommunikasiesituasie van toereikende leiding vir korrekte en gepaste leksikale taalgebruik te voorsien.

## 1.2 Bronne van taalnormering

Taalnormeringsbronne is van mondelinge of skriftelike aard. Mondelings word taalnorme aan taalgebruikers meegedeel deur taalonderwysers en -dosente, maar veral deur taal- en woordeboekkantore wat gereeld taalnavrae van die publiek ontvang en gewoonlik preskriptief beantwoord.

Skriftelike bronne sluit in woordelyste en ander ortografiese handleidings, grammatikas (veral dié gerig op skoolgebruik of gebruik deur persone wat 'n ander taal as hulle eie wil aanleer), algemene taalgebruikshandleidings en woordeboeke.

Die fons et origo van die ortografiese normering van Afrikaanse woorde, woordgroepe en afkortings is en was nog altyd die Akademie se **Afrikaanse woordelys en spelreëls**, waarvan die sewende uitgawe (1964) tans deur die Taalkommissie hersien word met die oog op 'n nuwe uitgawe. Dit het as gesaghebbende riglyn gedien vir ortografiese voorligtingspublikasies soos

http://spilplus.journals.ac.za/



die omvattende handleiding van Combrink (1974), Terblanche se studie oor die aanmekaarskryf van woorde (1943), Eksteen se werk oor die gebruik van die hoofletter (1981) en Van der Merwe se monografie oor lees- en skryftekens (s.j.). By hierdie werke sluit aan die Pleknamekomitee se publikasie **Amptelike plekname** (1978) en die Taalkommissie se **Lys klassieke eiename** (1984), waarin toepaslike ortografiese voorskrifte van die Taalkommissie gevolg is by die bepaling van die spelling en skryfwyse van die betrokke name.

Algemene taalgebruikshandleidings of -gidse, wat na inhoud en opset enigsins vergelykbaar is met byvoorbeeld Roget (1962) en Fowler (1968), is onder meer dié van Coetzee (s.j.), Combrink (1975), Du Plessis (1979), Engelbrecht (1980), Hiemstra (1980), Terblanche (1972), Twee Oud-onderwysers (1937), Van der Merwe (1982) en Van Schalkwyk en Kroes (1979). Normatiewe gidse wat op 'n enkele aspek van taalgebruik konsentreer, is die publikasies van Labuscagne (1960) oor doeltreffende briefwisseling en dié van Combrink (s.j.) en Le Roux (1952) oor taalsuiwerheid en Anglisismes.

Melding kan in dié verband ook gemaak word van bundels taalartikels waarvan die opset primêr informatief-beskouend is, maar waarin daar by bepaalde gevalle en onderwerpe ook normatief-preskriptiewe uitsprake gedoen word. Voorbeelde van sulke bundels is dié van Boshoff (1956), Boshoff, Kok en Snijman (1964), Eksteen (1978 en 1984a), Le Roux (1944), Le Roux (1965), Odendal (s.j.) en Smith (1962).

## 2 Woordeboeke en taalnormering

### 2.1 Wat is 'n woordeboek?

In terme van sy inhoud, sy gebruiklikste twee funksies en sy kenmerkende vorm van inhoudsrangskikking sou die saak wat in die algemeen as "woordeboek" bekend staan, beskryf kan word as 'n "boek met woorde in alfabetiese volgorde, tesaam met hulle betekenisse of hulle vertalings in een of meer ander tale". Dié definisie kan egter uitgebrei word deur die vermelding van ander inligting wat in woordeboeke verskyn. So noem die **OED** (1933), (Webster 1961) en (Kipfer 1984:1) ook ortografie, uitspraak, etimologie, morfologie, idiomatiese en sintaktiese gebruike, sinonieme, antonieme en dergelike as (moontlike) inhoudsgegewens. Ook kan 'n volledigheidsaandui-

http://spilplus.journals.ac.za/



ding gegee word deur die woordopname as "selektief" of "so volledig moontlik" te beskryf.

Die begrip 'woordeboek' sou ook omskryf kan word vanuit die oogpunt van die sienswyse(s) en doelstelling(s) van die betrokke leksikograaf. Zgusta (1971:197) haal met instemming die definisie aan wat C.C. Berg gegee het in sy 1960-verslag aan Unesco oor die *behoefte aan gepubliseerde woordeboeke*:

> "A dictionary is a systematically arranged list of socialized linguistic forms compiled from the speech-habits of a given speech-community and commented on by the author in such a way that the qualified reader understands the meaning ... of each separate form, and is informed of the relevant facts concerning the function of that form in its community".

Van "socialized" sê Berg voorts:

> "Linguistic forms are social facts in so far as they result from individual utterances being socialized, i.e. imitated time after time, under similar circumstances, by members of the community where they originated". (Zgusta 1971:197)

So gesien, kan 'n woordeboek getipeer word as 'n sosiolinguistiese dokument of, indien 'n diachroniese benadering gevolg word, as 'n sosiolinguistiese kroniek.

## 2.2 Soorte woordeboeke

Soos in par. 2.1 aangedui, is algemene woordeboeke, dit wil sê woordeboeke wat die hele woordeskat in oorweging neem, primêr van verklarende of vertalende aard. Die begrip 'woordeboek' verwys egter ook na naslaanwerke wat alleen 'n beperkte gebied van die woordeskat bestryk, of wat selfs glad nie as woordeboeke bestempel behoort te word nie, byvoorbeeld biografiese woordeboeke. Laasgenoemde tipe het sy betiteling waarskynlik daaraan te danke dat hy een kenmerkende eienskap met die gewone woordeboek deel, naamlik alfabetiese ordening.

Naas algemene verklarende en vertalende woordeboeke bestaan daar ook tematiese verklarende, vertalende of andersins informatiewe woordeboeke wat 'n bepaalde, gespesialiseerde gebied van die woordeskat tot onderwerp het. Sulke gebiede is byvoorbeeld dié van afkortings, akronieme, antonieme, bar-

http://spilplus.journals.ac.za/



goens, dialekte, etimologie, eufemismes, familiename, gebiedstale, groeptale, jargon, konkordansies, plekname, retrograde, rym, sinonieme, skeldwoorde, skrywerstaal, sleng, spreekwoorde, uitspraak, vakterme, volksetimologie, voorname, voorsetsels en vreemde woorde. Met die veelal losse gebruik van die benaming "woordeboek" is dit te voorsien dat hierdie lys sterk uitgebrei kan word.

### 2.3 In watter mate word taal deur woordeboeke genormeer?

#### 2.3.1 Tematiese woordeboeke

Die bogenoemde groep tematiese woordeboeke kan volgens opset ingedeel word in drie subgroepe:

(1) Woordeboeke wat nie primêr preskriptief-normerend van aard is nie, maar eerder as deskriptief-informatief beskou kan word, in die sin dat hulle na opset en inhoud beskrywende taalkundige studies is wat nie as preskriptiewe handleidings vir gestandaardiseerde taalgebruik op die betrokke gebiede bedoel is nie, byvoorbeeld woordeboeke met onderwerpe soos bargoens, dialekte, etimologie, familiename, gebiedstale, groeptale, jargon, konkordansies, retrograde, rym, skrywerstaal, volksetimologie en voorname.

(2) Woordeboeke wat nie primêr preskriptief gerig is op die onderwerpe wat hulle behandel nie, maar dit wel by implikasie is, byvoorbeeld dié oor eufemismes, skeldwoorde, sleng en vreemde woorde. In dié gevalle kan die gebruiker van die woordeboek gewoonlik uit die behandeling van die verskillende woorde of uitdrukkings aflei watter sosiolinguistiese beletsels of beperkings daar ten opsigte van die gebruik van sulke gevalle in standaardtaalsituasies bestaan. Taalgebruiksnormering geskied hier dus op indirekte wyse.

(3) Woordeboeke wat sonder meer preskriptief van aard is en dus as normerende handleidings diens doen, byvoorbeeld dié wat handel oor afkortings, akronieme, antonieme, sinonieme, spreekwoorde, uitspraak, vakterme en voorsetsels. Cluver (1974, 1975, 1976) en Picard (1976, 1980, 1981) wys pertinent op die noodsaaklikheid van die normering van vakterme met die oog op doeltreffende terminologiese kommunikasie. Met normering word in dié verband dan veral bedoel dat op een enkele term vir 'n bepaalde begrip besluit

http://spilplus.journals.ac.za/



word, met uitskakeling van sinonieme, en dat 'n eenduidige, gestandaardiseerde definisie van die begrip geformuleer word. Cluver (1974:101) stel die noodsaaklikheid vir vaktermnormering soos volg:

> "Die akkuraatheid en duidelikheid van begrippe wat kenmerkend vir die wetenskap en tegnologie is, moet ook in die taalgebruik van hierdie gebiede weerspieël word. Vir elke onderskeibare en definieerbare begrip moet daar net een woord wees. Daar word geen meerduidigheid toegelaat by wetenskaplik-gebruikte woorde nie".

Picard (1981:78) sluit hierby aan:

> "Wetenskaplikes, tegnici en vakmanne (moet) binne hulle onderskeie begrippevelde dieselfde betekenisse heg aan gesamentlike vakterme. Dit impliseer dus 'standaardisering' of 'normering'. Dit is 'n groot mate van 'verwysing' van die woord, 'n inperking tot 'n bepaalde simbool of kodeteken, geheg aan 'n definisie wat dan help om vakkommunikasie op behoorlike grondslag moontlik te maak".

Hierdie benadering is vergelykbaar met die ad hoc-definisies in wette, waar van bepaalde terme eenduidige verklarings gegee word vir toepassing in die betrokke wet.

Vergelyk (Smith 1979) en (Kipfer 1984:25-27) vir 'n oorsig van historiese en huidige tematiese woordeboeke in Engels.

### 2.3.2 Algemene woordeboeke

Algemene woordeboeke word van tematiese (gespesialiseerde) woordeboeke onderskei deurdat hulle redakteurs, afgesien van indiwiduele redaksionele beperkings op volledigheid, die volle spektrum van minstens die standaardwoordeskat in die oog hou. Dit geld vir verklarende sowel as vertalende algemene woordeboeke.

#### 2.3.2.1 Verklarende algemene woordeboeke

Eentalige verklarende algemene woordeboeke kan grootliks in omvang verskil. Hulle kan wissel van sak- of handwoordeboeke, met die hele alfabet in een band (of soms ook twee of drie bande, soos (Van Dale[10] 1976) en (Van Dale[11]

http://spilplus.journals.ac.za/



1984)), tot groot, nasionale veeldelige woordeboeke soos **WNT**, **OED**, die Grimms se **Deutsches Wörterbuch** en **WAT**. Die vraag is nou hoe dié twee tipes verklarende woordeboeke met mekaar vergelyk wat (potensiële) normeringsfunksies of -waardes betref.

### 2.3.2.1.1 Handwoordeboeke

Veral die deursnee- nie-taalkundig geskoolde gebruiker beskou 'n verklarende woordeboek as 'n onmisbare naslaanbron vir die korrekte gebruik van woorde en uitdrukkings in die taalvorm wat hy meer bepaald as die standaardtaalvorm beskou. Weens die handige hanteerbaarheid daarvan verlaat die gebruiker hom meesal op so 'n handwoordeboek, waarin hy verwag om leiding te kry oor byvoorbeeld spelling, afkortings, meerfunksionaliteit, morfologie, betekenis, sinonieme, woord-, idioom- en uitdrukkinggebruik, en moontlik ook uitspraak (veral van vreemde woorde) en etimologie. Betroubare en maklik vindbare antwoorde op sy probleme is vir dié tipe gebruiker van primêre belang.

Die redakteur van 'n handwoordeboek is hom gewoonlik terdeë bewus van die behoeftes van die gebruikerskorps vir wie hy sy woordeboek skryf. Ook die omvang daarvan is gewoonlik op 'n bepaalde teikengroep afgestem: 'n handwoordeboek van betreklik beperkte omvang bestem vir skoolgebruik sal sekerlik alleen op die standaardtaal toegespits en ook sterk normatief ingestel wees, 'n benadering wat ook 'n kenmerk is van 'n woordeboek bedoel vir persone wat die betrokke taal as vreemde taal wil aanleer. Dié normerende ingesteldheid kan egter ook handwoordeboeke van groter formaat en omvang kenmerk. So vestig **HAT** byvoorbeeld die aandag op 'n Anglisistiese gebruik van grein, handig, **homself**, **hoop**, **jouself**, **uitgesproke** en **uitstaande**, en merk ook op dat **raar** in Afrikaans nie seldsaam beteken nie en dat **sommige** selfstandig gebruik reeds meervoudig is en die vorm **sommiges** dus toutologies is.

Ook Van Dale stel hom op die normatiewe standpunt. In die voorberig van die tiende uitgawe (1976:IX) stel Kruyskamp as bewerker sy benadering soos volg:

http://spilplus.journals.ac.za/



> "De bewerker van Van Dale (houdt) vast aan zekere normen van taalgebruik en taalvorming, op grond waarvan hij ook bepaalde toepassingen van woorden en woordformaties afkeurt of niet erkent; niet alles wat gezegd of geschreven wordt kan als (goed) Nederlands gelden alleen òmdat het gezegd of geschreven wordt. Als men alle normen laat vallen, belandt men spoedig in de chaos; men zou dan immers ook de talrijke foutieve spellingen, vervoegingen en constructies, die men in dag- en weekbladen, en ook elders tegenwoordig zo vaak aantreft, moeten erkennen. Van Dale is dus in beginsel een normatief woordenboek, maar met grote voorzichtigheid in de toepassing van dit beginsel, en met ruime erkenning van de marge die het persoonlijk taalgebruik altijd voor zich mag opeisen, en van de variabiliteit van alle levende taal."

Vergelyk hiermee ook wat Kruyskamp in die inleiding van die tiende uitgawe (1976) sê (opgeneem in die elfde uitgawe 1984:XVI):

> "Ten aansien van germanismen en andere barbarismen is ons standpunt geweest dat veel voorkomende wel gesignaleerd moesten worden, maar ze zijn niet alle opzettelijk daarvoor opgenomen. Aanwijzingen voor het vermijden van bepaalde fouten zijn gegeven waar de artikelen daartoe aanleiding gaven, en in beginsel stelt Van Dale zich op normatief standpunt ...: een volledige handleiding voor juist taalgebruik kan een woordenboek echter niet zijn."

Voorbeelde van sulke uitwysings en aanwysings (wat ek aan Odendal (1978:68) te danke het) kom voor by byvoorbeeld die trefwoorde:

--- **vraag** (bet. 3): "als germ. liever te vermijden is het gebruik in de zin van probleem: **de vragen van de dag**";

--- **ondanks**: "Opm. Men gebruike **ondanks** niet als voegw. ...";

--- **respectievelijk**: "als bn. (minder aan te bevelen) hetz. als respectief";

--- **volks**: "een als naar het gebruik onnederlands af te keuren woord voor nationaal; indien gebezigd voor 'aan het volk als zodanig eigen', als in **volkse wijsheid**, kan het toegelaten worden, maar aan te bevelen is het niet, zowel wegens de dubbelzinnigheid (er worden, opzettelijk of onbewust, verschillende bet. van **volk** in door elkaar gehaald) als wegens de associaties die het woord door zijn politiek verleden (nationaalsocialisme) wekt."

In die elfde uitgawe (1984) het die bewerkers Geerts en Heestermans die genoemde afwysende aanwysinge gehandhaaf, maar met 'n mindere mate van absoluutheid: by ondanks word nou byvoorbeeld gesê: "in verb. met **dat** en samen

http://spilplus.journals.ac.za/



op te vatten als een voegw. (niet alg. en eig. onjuist)", terwyl die lemma **volks** in twee betekenisse verdeel word, naamlik "1. van - , eigen aan - , voortgekomen uit het gewone volk, de volksmassa ... 2. van, eigen aan het hele volk, nationaal", met die opmerking onder bet. 1 "het woord **volks** is o.i.v. het door de Duitse nationaal-socialisten gebruikte woord **völkisch** gekomen en daarom sterk beladen".

Twee aspekte wat vir die *handwoordeboekgebruiker* van *besondere* belang is vanuit die gesigspunt van normerende gesaghebbendheid, is dié van opnamevolledigheid en behandelingskorrektheid. Vanselfsprekend moet 'n handwoordeboek praktiese beperkings ten opsigte van volledigheid van woord-, uitdrukking- en betekenisopname toepas, al sou dit beteken dat die normeringsfunksie van die betrokke woordeboek op dié punt in beginsel aangetas word. By opnameseleksie moet insluiting van die bekendste woorde, uitdrukkings en betekenisse van die standaardtaal egter as minimumvereiste gestel word. Veral behoort die algemeen gebruiklike betekenisse van bekende woorde ingesluit te word.

Hoe bondig 'n handwoordeboek egter ook al van opset is, aan die feitelike en metodiese korrektheid van sy lemmabehandeling moet daar nooit getwyfel hoef te word nie, anders kom sy normeringsfunksie onder verdenking. Van Schalkwyk en Kroes (1979:105-108) wys byvoorbeeld op verskeie gebreke waaraan (ongenoemde) Afrikaanse handwoordeboeke op dié punt mank gaan, soos onder meer die opname van Neerlandismes, definisie deur sinoniemvermelding in plaas van formulering, foutiewe sinoniemvermelding, foutiewe of gebrekkige betekenisformulering, onvolledige opname van woorde wat in definisies en gebruiksvoorbeelde voorkom, en inkonsekwente wisselvorm- en aksentbehandeling. Enkele voorbeelde uit **HAT** illustreer sommige van hierdie tipes tekortkominge:

(1) Onder **eerste**, rangtelwoord van **een**, word onder bet. 1 van A. (byw.) **Eerste in die klas staan** en onder bet. 2 van C (byw.) **Eerste in sy klas staan** as voorbeelde gegee. Vir die gebruiker kom dit as 'n teenstrydige funksieaanduiding voor.

(2) **kop'potig** word onder meer verklaar as "met 'n krans van die bek - gesê van 'n soort weekdier". Waarskynlik word "met 'n krans van pote aan die kop rondom die bek" bedoel (sien **WAT** VII). Vergelykbaar is ook bet. 3 van **werk** II ww., wat as "nie funksioneer nie" gegee word. Klaarblyklik word net "funksioneer" bedoel.

http://spilplus.journals.ac.za/



(3) Die etimologie van **kordaat** word as [L. **corbadus**] aangegee. Dit moet **cordatus** wees. So ook word **Majorca** in die etimologie van **majolika** aangedui as "plek in Italië" in plaas van "eiland naby Spanje", terwyl die betekenis van Lat. **trahere** by **traseer** as "trap" in plaas van "trek" gegee word.

(4) By **korent** "klein, pitlose rosyntjie" ontbreek die "druifsoort"-betekenis, en by **kordon** 'n verwysing na die bekende snoeimetode wat met dié term benoem word (sien **kordon** bet. 3 in **WAT** VII). Die lemma **kos**[1] vermeld byvoorbeeld nie die betekenis van die trefwoord in die bekende tipe toepassing **wiskunde is sy kos nie**, terwyl by **kou**[3], ww. onder meer die betekenis van **kou** in **kou aan 'n probleem** ontbreek.

(5) By **korf** word net die "byekorf"-betekenis gegee, maar by **korfbal** word sonder meer gesê dat "'n sokkerbal van bo af in 'n korf van + 45 cm bo 'n paal ... gegooi word". Dit is verwarrend vir die gebruiker.

(6) Betekenis 2 van **krasser** word aangedui as "werktuig om iets deur kras skoon te maak, byvoorbeeld harde borselhare of staaldraadjies spiraalsgewys vasgesit aan die punt van 'n <u>laaistok</u> om 'n geweerloop skoon te maak". Dit is egter 'n **wisserstok** waarvan hier sprake is (vergelyk **HAT** se definisie van **laaistok**).

(7) Onder **poets**[2] word bet. I s.nw. verklaar as "smeersel om iets mee skoon te maak; politoer". Dié betekenis van **poets** kom wel in enkele ander Afrikaanse handwoordeboeke voor, maar moet dermate as ongebruiklik beskou word dat opname in 'n handwoordeboek nie geregverdig is nie. Die feit dat die **WAT** nie 'n enkele gebruiksoptekening van dié betekenis het nie versterk dié siening.

(8) Sinonieme wat by definisies gegee word of waarna vir definisie verwys word, ontbreek as trefwoorde, byvoorbeeld **dwarrelstorm**, **kerkvisitasie**, **kringdans**, **skyngoud** en **verkoelingswetenskap**, wat onderskeidelik by **sikloon**, **visitasie** (bet. 2), **rondedans**, **kopergoud** en **kriologie** (bet. 2) vermeld word. **Kerkvisitasie** kom wel in 'n sitaat voor, maar dié sitaat word (foutiewelik) by **visitasie** gegee. So ook is 'n voorbeeldsin met **benader** onder **benadering** ingevoeg.

(9) Van soortgelyke aard as die gevalle in (8) is die nie-opname as trefwoorde van woorde wat as terme in definisies gebruik is, byvoorbeeld **stompas** wat as kernterm voorkom in die definisie van **krinkspil**, "vertikale spil

http://spilplus.journals.ac.za/



waarmee die stompas van 'n motorvoertuig aan die ander dele vas is en waarom die as horisontaal kan swaai (krink)". In die definisie van **lugadvertensie** word die term **lugskrif** gebruik maar dit is nie as trefwoord opgeneem nie. **Speelduur** in die definisie van **langspeelplaat** ontbreek ook. Trefwoorde wat ook opgeneem kon gewees het, is byvoorbeeld **konsensus**, **korrumpeer**, **kreatief** en **voile**.

(10) Ortografiese en alfabetiseringsfoute, vermoedelik weens foutiewe setwerk, kan misleidend wees vir die gebruiker. Voorbeelde van die eerste tipe, met die korrekte vorm tussen hakies, is byvoorbeeld **a la** (à la), **à la carte** (à la carte), **Architeturae**, **Litterarium**, **Literarum** (Architecturae, Litterarum, Litterarum, onder B- en D-afkortings), **Brussels** (Brussel, die stadnaam; vermeld by **Brussels**, b.nw.), **blikblaar-wag-'n-bietjie** (blinkblaar-wag-'n-bietjie, onder **haakdoring**), **kormaraan** (kormoraan), **lugport** (lugporto, onder **lug**), **mini**$^{1}$ (mini-$^{1}$), **mini**$^{2}$. (-s) (mini$^{2}$. (-'s)), **munt vorm** (muntvorm, onder **muntspesie**), **sanoem** (samoem), **geunifiseer** (geünifiseer, onder **unifiseer**). Die volgende trefwoorde verskyn onalfabeties: **krasser**, **latiniteit**, **Makkabeër**, **nahou**, **onlekker**, **pikador**, **steektrap**, **tantaliseer**.

Die bedoeling met die voorgaande voorbeelde, wat almal nog steeds vir die vierde druk (1984) van die tweede uitgawe (1979) geld, was geensins om **HAT** omvattend te evalueer nie, maar alleen om aan die hand van enkele gevalle te toon dat die redakteur van 'n verklarende handwoordeboek 'n ewe groot verantwoordelikheid as die redakteur van 'n nasionale verklarende woordeboek teenoor die gebruiker het om toe te sien dat sy woordeboek nie verwarrende, misleidende of foutiewe inligting bevat, of op kardinale punte onvolledig is nie. Dit is veral van belang omdat die handwoordeboek so 'n groot algemene gebruiksfrekwensie geniet en vanuit die oogpunt van die gewone gebruiker ook 'n bepaalde normerende gesag besit.

#### 2.3.2.1.2 Nasionale woordeboeke

Dié tipe verklarende woordeboeke verskil van handwoordeboeke nie alleen in hulle gewoonlik veeldelige formaat nie, maar ook opvallend in die omvang van hulle inhoudsverskeidenheid. Nie alleen behandel hulle al die onderwerpe van 'n handwoordeboek nie, maar hulle trefwoord- en uitdrukkingseleksie, betekenisspektrum, gebruiksvoorbeelde (veral in die vorm van sitate) en aandag aan gespesialiseerde gebiede van die leksikon (gewoonlik

http://spilplus.journals.ac.za/



gesinjaleer deur gebruiksfeer- of gebruiksbeperkingsaanduidings) is uiteraard van veel groter omvang as dié van 'n handwoordeboek. Uiteraard, omdat die redaksies van sulke nasionale woordeboeke oor heelwat meer materiaal, bladsyruimte en personeel beskik. "Nasionaal" dui in dié verband daarop dat die totale leksikon van die betrokke taal in al sy fasette aandag kry, en soms ook dat die samestelling van die woordeboek 'n staatsonderneming is.

Soos te verwagte is, kan daar by nasionale woordeboeke ook sprake wees van normering, byvoorbeeld as 'n eksplisiet geformuleerde beleid van die redakteur(s), of geïmpliseer deur byvoorbeeld die gegewe opnames, vorme en betekenisse, of deur direkte aanwysings vir korrekte woord-, betekenis- of uitdrukkinggebruik. Ons kyk na enkele voorbeelde in dié verband.

De Vries verklaar in deel I van **WNT** (1882:XLVII-XLVIII) dat dit sy en sy mederedakteur Te Winkel se wens was "om naar vermogen te waken voor de zuiverheid onzer taal" en dat dit "volstrekt noodig (is), dat het Woordenboek het zijne toebrenge om die taalverbastering te stuiten". Terwyl die redakteurs ten opsigte van die opname van vreemde woorde "eene billijke toegeeflijkheid" betoon, tree hulle

> "...met volle gestrengheid daartegen. .. op waar de buitenlandsche invloed onze taal in de hartader aantast. Ik bedoel de zoogenaamde barbarismen, woorden uit Nederlandsche bestanddeelen, maar in navolging van andere talen en strijdig met de wetten der onze gevormd. Het is van dien kant dat de zuiverheid der taal het meest gevaar loopt, oneindig meer dan van woorden, onveranderd aan vreemde talen ontleend. ... Stelt men prijs op een zuiveren, echt Nederlandschen *stijl, wil men de taal in eere* houden als de afspiegeling van den volksgeest: dan blijve het Woordenboek voor zulke vreemde inkruipsels met het scherpste toezicht gesloten."

Hulle beywer hulle "niet slechts het Woordenboek van alle barbarismen vrij te houden, maar ook by voorkomende gelegenheden er opmerkzaam op te maken ..." (bl. LI-LII).

Die broers Grimm het as redaksionele beleid 'n duidelik taalnormerende en taalbevorderende standpunt ingeneem by die bewerking van hulle **Deutches Wörterbuch**. So spreek Jacob Grimm hom in die voorwoord van deel I (1854) sterk uit teen die vir hom "ungestalte und häszliche" Duitse "vulgarschrift" (k. LII en LIII) van sy tyd (die fraktuurskrif), en wou hy, soos hy dit onomwonde stel, "den wust und unflat unsrer schimpflichen die

http://spilplus.journals.ac.za/



gliedmaszen der sprache ungefüg verhüllenden und entstellenden schreibweise ausfegen". Hy erken selfs ruiterlik dat hervorming onder andere op dié terrein een van die hoofredes vír sy aanvaarding van die redakteurskap van die woordeboek was en dat hy nie kon toesien dat die woordeboek se "ganze ordnung fast an jeder stelle durch das beibehalten der unter uns hergebrachten orthographie sichtbar gestört und getrübt" word nie (k. VIII). Terselfdertyd wou die broers Grimm graag die Duitse spelreëls vereenvoudig deur, soos Jacob dit in die voorwoord stel, die "zurückführung der schreibregel auf ihre alte einfachheit" (k. IX), naamlik dié eenvoud wat hulle by die vroeë Duitse en Gotiese digters en skrywers aangetref en bewonder het (p. III en IV).

Omdat die Grimms verder die Duitse taal beskou as een van "den gütern, die Deutschland einigen und nicht trennen, die uns allein den stempel voller eigenheit aufzudrücken and zu wahren im stande sind" (k. VII), word ook die **Deutsches Wörterbuch** ingespan om Duits te bevorder en te bestendig. Ook wil die redakteurs finaal beslag aan hulle taal gee deur eens en vir altyd die onderskeid tussen Hoog- en Nederduits te tref en laasgenoemde uit hulle woordeboek te weer, want, sê Jacob, "wenn heutzutage ... von deutscher sprache die rede ist, kann darunter nicht mehr die niederdeutsche mundart verstanden werden". Hiermee wil hy geensins teen laasgenoemde diskrimineer nie. Hy is slegs van mening dat "niederdeutsche wörter ... sich eher in ein niederländisches, englisches oder gar dänisches (wörterbuch) fügen (würden)" (k. XV).

Die redakteurs van die **OED** (1933:xxviii) sê die volgende in verband met die opname van dialektiese woorde:

> "Dialectal words and forms which occur since 1500 are not admitted, except when they continue the history of a word or sense once in general use, illustrate the history of a literary word, or have themselves a certain literary currency, as is the case with many modern Scottish words."

Aangesien sulke woorde aan bepaalde vereistes moet voldoen om vir opname oorweeg te word, is daar hier van gekwalifiseerde redaksionele erkenningsnormering sprake. 'n Soortgelyke normatiewe benadering blyk uit die weglating van bepaalde plat en obsene woorde en uitdrukkings. Laasgenoemde beleid is egter vir die **OED Supplement** (1972) ingrypend in die rigting van opname en volledige behandeling gewysig. Burchfield stel in deel I, p. xv, van die Supplement die nuwe benadering soos volg:

http://spilplus.journals.ac.za/



> "Whereas in 1957, when we began our work, no general English-language dictionary contianed the more notorious of the sexual words ... two ancient words, once considered too gross and vulgar to be given countenance in the decent environment of a dictionary, now appear with full supporting evidence along with a wide range of colloquial and coarse expressions referring to sexual and excretory functions."

Volgens die nuwe norm word dié woorde erken en opgeneem, maar met die nodige gebruikskwalifikasies. 'n Voorbeeld van redaksionele afkeuringsnormering is die opmerking by die trefwoord **Like** (bet. *B, 6*):

> "Used as conj.: = 'like as', as. Now generally condemned as vulgar or slovenly, though examples may be found in many recent writers of standing."

In die **OED Supplement** is geen wysiging in dié uitspraak aangebring nie.

Noah Webster se taalpatriotisme en normerende ingesteldheid blyk uit die volgende doelstelling, soos geformuleer in die voorwoord van sy **The American dictionary of the English language** (1828) (opgeneem in die 1891-uitgawe van **Webster**):

> "It has been my aim in this work ... to ascertain the true principles of the language, in its orthography and structure; to purify it from some palpable errors, and reduce the number of its anomalies, thus giving it more regularity and consistency in its forms, both of words and sentences; and in this manner to furnish a standard of our vernacular tongue [dit wil sê van Amerikaanse Engels -- D.C.H.]".

Die funksies van taalnormering en taalverbetering vorm twee belangrike "governing principles" van die redaksionele beleid van die **Standard Dictionary**. Die hoofredakteur I.K. Funk het dié beginsels soos volg uiteengesit in die voorwoord van die oorspronklike uitgawe (1893), waarna hulle in latere uitgawes (byvoorbeeld van 1900 en 1946) herhaal is:

> "The chief function of a dictionary is to record usage; not, except in a limited degree, to seek to create it. Yet, when custom or usage varies, it is important that a dictionary should be most careful, in its preferences, to give its sanction to the best forms and tendencies. It has manifold opportunities to render good service to the language by characterizing certain words and variant forms of words, and certain meanings or usages, as archaic or obsolete, as foreign, dialectic, or provincial, as colloquial, vulgar, slang, or low, as inelegant or erroneously formed. In the STANDARD the aim has been to help, so

http://spilplus.journals.ac.za/



> far as this may legitimately be done in a work of the kind, to simplify and perfect the language."

'n Outoritêr-normerende benadering was in die verlede opvallend in die Amerikaanse leksikografie. Dat die behoefte aan so 'n benadering nog steeds by veral die Amerikaanse gebruiker aanwesig is, word getoon deur die sterk afwysende kritiek wat die verskyning van **Webster** (1961) begroet het. Dit het hoofsaaklik daaruit voortgespruit dat dié uitgawe hom veel minder as vorige uitgawes spesifiek kwalifiserend uitgespreek het oor veral die sosiale status van nie-standaardwoorde. Deur sy sosiaal-stilistiese gebruikstatusaanduidings tot **substandard**, **nonstandard**, **slang** en **vulgar** te beperk, en bowendien in die inleiding "the recognition (by not using at all the status label <u>colloquial</u>) that it is impossible to know whether a word out of context is colloquial or not" (p. 6a) as nuwe redaksionele kenmerk te vermeld, gee **Webster** (1961) volgens sy kritici nie toereikende leiding aan die gebruiker oor woorde en uitdrukkings wat in normale kommunikasiesituasies as sosiaal onaanvaarbaar beskou word nie. Die aanklag van "permissiwiteit", "afwatering van standaarde" spruit klaarblyklik voort uit kwalifikasies wat vir die kritici en gebruikers nie duidelik genoeg preskriptief en/of proskriptief is nie. So word **ain't** in **Webster** (1959) sonder meer gekwalifiseer met "Dial. or Illit.", maar in die 1961-uitgawe met "- though disapproved by many and more common in less educated speech, used orally in most parts of the U.S. by many cultivated speakers esp. in the phrase **ain't** I" (by bet. 1), en met "substandard" by bet. 2. Die trefwoord **irregardless** word in die 1959-uitgawe getipeer as "Erron. or Humorous, U.S.", maar in 1961 bloot net as "nonstandard". Dit is ook opmerklik dat sekere welbekende plat volksbenamings vir bepaalde ekskretoriese of seksuele funksies, of vir die betrokke liggaamsdele of organe, wat in 1959 ontbreek, in 1961 opgeneem is met die gebruikstatusaanduiding "- usually considered vulgar". Dit was dan veral dié kwalifiserende <u>usually</u> wat die gemoedere gaande gemaak het --- so asof daar dan óóit gebruiksituasies sou kon wees waarin dié woorde wel fatsoenlik gebruik sou kon word. Die onduidelikheid in verband met die toepassing van die aanduiding "slang" kon ook tot 'n gevoel van onsekerheid by die gebruiker bygedra het. Vergelyk die formulering in **Webster** (1961:19a):

> "There is no completely satisfactory objective test for slang, especially in application to a word out of context. No word is invariably slang, and many standard words can be given slang connotations or used so inappropriately as to become slang."

http://spilplus.journals.ac.za/



Die gebruiker sou egter kon vra of die redakteurs, wat te kenne gee "that the definitions in this edition (1961) are based chiefly on examples of usage collected since publication of the preceding edition" (p. 6a), dan nie op grond van die meer as ses miljoen gebruiksvoorbeelde in hulle besit (p. 6a) tog 'n beslister kontekstuele uitspraak oor slang woorde kon doen nie.

Soos seker te verwagte was, was 'n gevolg van die stryd rondom **Webster** (1961) dat ander woordeboekuitgewers hulle sterk ten gunste van leiding aan die gebruiker uitgespreek het op veral die gebruikstatusvlak van woorde en betekenisse. Stein stel in die voorwoord van **Random House** (1967:vi) die vraag:

> "Should the dictionary be an authoritarian guide to 'correct' English or should it be so anticeptically free of comment that it may defeat the user by providing him with no guide at all?"

Hy beantwoord sy vraag met die stelling dat dit die funksie van 'n woordeboek is

> "...to provide the user with an exact record of the language he sees and hears. That record must be <u>fully</u> descriptive. Since language is a social institution, the lexicographer must give the user an adequate indication of the attitudes of society towards particular words or expressions, whether he regards those attitudes as linguistically sound or not. The lexicographer who does not recognize the existence of long-established strictures in usage has not discharged his full responsibility."

As redaksionele beleid word dan gestel:

> "In this dictionary, on the basis of extensive research and thougtful consideration, we have used usage labels to guide the reader to effective and appropriate use of words."

**Heritage** (1973) beklemtoon ook die redaksionele oogmerk van "the essential dimension of guidance, that sensible guidance towards grace and precision which intelligent people seek in a dictionary", soos Morris dit in die inleiding stel (p. VI). Om hierdie leiding te kan gee, het die redakteurs dikwels gebruik gemaak van "usage-context indicators such as 'slang', 'non-standard' or 'regional'". Hulle het hulle ook verlaat op die menings van "a panel of 100 outstanding speakers and writers ... about how the language is

http://spilplus.journals.ac.za/



used today, especially with regard to dubions or controversial locutions". Op grond daarvan, sê Morris,

> "we have prepared several hundred usage notes to guide readers to effectiveness in speech and writing. As a consequence, this Dictionary can claim to be more precisely descriptive, in terms of current usage levels, than any heretofore published." (p. VII)

'n Goeie oorsig oor Engelse en Amerikaanse outoritêre taaltradisies en houdings, en die mate waarin woordeboeke normerend daarby betrokke is, of van hulle verwag word om daarby betrokke te wees, word deur Wells (1973) gebied. Die redaksionele beleid wat die WAT as Afrikaanse nasionale woordeboek met betrekking tot die verskillende potensieel normerende aspekte volg, word onder par. 3 hier onder uiteengesit.

### 2.3.2.2 Vertalende algemene woordeboeke

Die gewone vertalende woordeboek verskil van die gewone verklarende woordeboek in een opvallende opsig: dit gee nie verklarings in die vorm van definisies nie, maar beperk hom tot die vertaling of weergawe van woorde en uitdrukkings van die brontaal in die doeltaal. Die taak van die redakteur van 'n vertalende woordeboek word egter nie hierdeur makliker gemaak nie; inteendeel, sy taak kan selfs as moeiliker as dié van sy verklarende kollega beskou word, aangesien hy nie alleen met dieselfde algemene leksikografiese probleme van byvoorbeeld ortografie, uitspraak, morfologie, opnameseleksie, sinonimiteit, sosiale registers en dergelike te kampe het nie, maar ook in dubbele mate daarmee te kampe het, naamlik in die brontaal sowel as in die doeltaal. Die vertalende leksikograaf moet beide brontaal en doeltaal deeglik beheers, sowel op semantiese as op gebruiksvlak.

Die vertalende algemene woordeboek is uiteraard normerend gerig, deurdat hy poog om duidelike leiding te gee in vertaalhandelinge. 'n Probleem wat hier sentraal staan, is dié van die wyse van weergawe in die doeltaal van verskillende betekenisse van die trefwoord in die brontaal. Gewoonlik word 'n reeks doeltaalsinonieme gegee wat volgens die brontaalbetekenisse gegroepeer word. Kommapunte word dan gebruik om groepe (of enkele) sinonieme van mekaar te skei. Vir iemand wat 'n redelike kennis van die doeltaal het, is dit gewoonlik nie te moeilik om die vertaalsinoniem te kies wat die tersaaklike betekenis van die betrokke brontaalwoord die beste weergee nie.

http://spilplus.journals.ac.za/



Moeiliker is die keuse egter vir iemand met mindere kennis van die doeltaal. Noodsaaklike konteksleiding deur middel van kollokasies en gebruiksvoorbeelde is in so 'n geval dus noodsaaklik. Dit sal vir gebruikers in dié kategorie egter beperk moet word tot standaardgevalle wat in relatief eenvoudige taal gestel is. Terselfdertyd sal die normerende leiding bo verdenking moet wees om die betrokke woordeboek se gesagsposisie in die oë van die gebruiker te kan handhaaf. Dit is veral die geval wanneer nie-neutrale vertaalekwivalente ter sprake is. Woorde waarvan die gebruik om byvoorbeeld etniese of welvoeglikheidsredes gestigmatiseer is, moet volledig en noukeurig gekwalifiseer word vir geval die gebruiker nie voldoende met die betrokke sosiolinguistiese registers op die hoogte is nie. Leidinggewende normering moet hier prominent figureer.

Dit is nie moontlik om vir die doeleindes van hierdie artikel verder op die verskillende probleme en aspekte van vertalende algemene woordeboeke in te gaan nie. Vir 'n ekstensiewer beskouing word daar verwys na die publikasies van onder meer Zgusta (1971:294-344) en Al-Kasimi (1977), en ook na verskeie referate opgeneem in (Householder en Saporta 1967) en (Hartmann 1984).

## 3 Die WAT en die normering van Afrikaans

### 3.1 Inleiding

Die **Woordeboek van die Afrikaanse Taal** , waarvan deel VII (KOM1 - KORVYNAEL) in Julie 1984 verskyn het, word deur die Buro van die **WAT** opgestel in terme van die bepalings van die Wet op die Woordeboek van die Afrikaanse Taal, 1973. Die Buro staan onder die beheer van 'n Beheerraad wat die beleid formuleer wat gevolg moet word om die doelstellings van die Buro te verwesenlik. Dié doelstellings is in Mei 1984 opnuut deur die Beheerraad in oorleg met die Buro geformuleer. Die redaksionele gedeelte van die doelstellings lui soos volg:

(1) Om die woordeskat van die Afrikaanse taal deurlopend en omvattend in leksikografies bewerkbare vorm te versamel, te orden en te bewaar;

(2) om dié versamelde materiaal volgens aanvaarde leksikografiese beginsels in die vorm van 'n verklarende woordeboek in opeenvolgende dele te bewerk, waarin die betekenisse van woorde, woorddele en uitdrukkings aange-

http://spilplus.journals.ac.za/



gee en met gebruiksvoorbeelde toegelig word en waarby daarna gestreef word om, met inagneming van praktiese oorwegings soos gebruiklikheid, gebruikersbehoefte, produksietyd en -koste, 'n omvattende beeld van die Afrikaanse taalskat te gee;

(3) om produksie te handhaaf in die hoogste moontlike tempo wat met deeglikheid en betroubaarheid versoenbaar is; en

(4) om die deurlopende eenheidskarakter van die Woordeboek ten opsigte van formaat, tipografiese beeld en redaksionele stelsel te handhaaf, met dien verstande dat aanpassings op grond van nuwe insigte of bruikbaarheidsoorwegings van tyd tot tyd in die stelsel aangebring kan word.

Punte (1) en (2) impliseer dat die redaksie van die **WAT** (a) geen taalbousel self skep nie, (b) 'n deskriptiewe benadering volg, en (c) derhalwe nie doelbewus normerend ingestel is nie. Op (a) is daar egter wel 'n enkele uitsondering: ten einde definisies so bondig moontlik te hou, gebruik die redaksie wel soms selfgeskepte samestellings in plaas van begripsomskrywings. Sulke ad hoc-vormings, hoewel nie bestaande nie, moet egter steeds bestaanbaar wees, dit wil sê gevorm wees volgens aanvaarde woordvormingsreëls in Afrikaans. Formasies van dié aard word dan formeel as trefwoorde verklaar of onverklaard gegee.

Hoewel die redaksionele beleid nie primêr normatief gerig is nie, sou die behandelingswyses van die verskillende afdelings van artikels nietemin by die gebruiker die indruk kan wek dat die redaksie wel by implikasie normeer. Of, en in watter mate, dit wel die geval is, sal blyk uit 'n kursoriese beskouing van die **WAT** se redaksionele benaderingswyses wat die onderstaande artikelafdelings ten grondslag lê.

## 3.2 Trefwoord

### 3.2.1 Trefwoordseleksie

Op p. iii van die Inleiding van **WAT** I word 'n oorsig gegee van die redaksionele beleid wat destyds (1950) gevolg is ten opsigte van trefwoordseleksie. Dié beleid, waarvan dit die algemene doel is "om, so volledig moontlik, 'n beeld te gee van die Afrikaanse taalskat in sy ruimste omvang", word tans nog in beginsel gevolg, maar met gewysigde ingesteldhede ten

http://spilplus.journals.ac.za/



Met strenger toepassing van algemene trefwoordseleksie word nie normatief te kenne gegee dat weggelate woorde nie bestaan of bestaanbaar is nie, maar alleen dat toereikende getuienis oor hulle gebruiklikheid tans ontbreek, wat ook 'n prognose oor hulle permanente lewensvatbaarheid onseker maak. Dit geld veral ook vir **hapax legomena** (sien **WAT** IV, p. 88).

### 3.2.2 Ortografie

Met ortografie word beide die spelling en skryfwyse (vas/los) van trefwoorde bedoel. Die **WAT** volg hier 'n tweeledige benadering, naamlik (a) stipte navolging van die ortografiese voorskrifte van die Taalkommissie van die Akademie, ook wat gelykwaardige wisselvorme betref (in die **WAT** in vet druk gegee), en (b) die vermelding van nie-gelykwaardige (byvoorbeeld verouderde of streekgebonde) wisselvorme, wat in kursiewe druk gegee word. Laasgenoemde vorme word vir opname oorweeg indien hulle van taalhistoriese of ander taalkundige belang geag word. Ook hier word daar tans veel strenger eise aan bestaansbewyse gestel as in die verlede. Ook vorme waarvan vermoed word dat hulle bloot op ortografiese onkunde of op idiosinkrasieë berus, word in beginsel weggelaat. Met toepassing van die hersiene beleid betreffende ongelykwaardige wisselvorme, sou die 39 voorbeelde van dié aard by **kasaterwater** in **WAT** V by 'n herbewerking van dié lemma waarskynlik aansienlik verminder word.

In die geval van trefwoorde wat nie in die **Woordelys** (1964) van die Akademie verskyn of waarvoor daar nie spesifiek in die spelreëls voorsiening gemaak word nie, besluit die redaksie self oor die spel- en skryfvorm, gewoonlik op grond van beskikbare geskrewe optekeninge. In dié opsig is daar dus sprake van ortografiese normering.

In aansluiting by die voorgaande oor die ortografie van trefwoorde, moet ook gemeld word dat by die opstel van die lyste algemeen gebruiklike afkortings wat aan die begin van elke alfabetletter verskyn, die redaksie hom streng hou by die voorskrifte van die Taalkommissie wat op die betrokke tydstip geld. Daarnaas skep die redaksie egter ook huishoudelike afkortings vir redaksionele doeleindes. Die twee stelle afkortings word redaksioneel van mekaar geskei, sodat die gebruiker in geen twyfel gelaat word oor watter afkortings genormeer en watter ad hoc geskep is nie.

http://spilplus.journals.ac.za/



### 3.2.3 Uitspraak

Vanaf **WAT** II word die hoofklem by alle meerlettergrepige trefwoorde aangedui. Hoofklemwisseling word aangedui deur herhaling van die trefwoord met klemverskil, (a) waar die vorme gelykwaardig is, byvoorbeeld **kom'mapunt, kommapunt'**, of (b) waar daar 'n konnotasie- en/of gebruiksverskil bestaan, byvoorbeeld **koors'agtig** (koorsig), **koorsag'tig** (intens bedrywig). Uitspraak met aanvangsuigklank word ook aangedui, byvoorbeeld by **kom**[3], **kon**[3], **kon-kon**.

Uitspraakaanduiding deur middel van fonetiese tekens word vanaf **WAT** VI tussen ronde hakies gegee, in plaas van die vorige stelsel van 'n ortografiese uitspraakherskrywing van die trefwoord. Uitspraak word nie by elke trefwoord gegee nie, maar word beperk tot (a) vreemde woorde uit Grieks, Latyn, Engels, Europese en Oosterse tale, en Suid-Afrikaanse inboorlingtale, waarby die Afrikaanse sowel as die vreemdetaaluitspraak soms gegee word; (b) woorde wat dikwels Engelse invloed in die uitspraak vertoon of waarby 'n letteruitspraak voorkom; en (c) Afrikaanse homograwe.

In sy referaat oor uitspraakleiding in Afrikaanse woordeboeke wys Gouws (1984:296-299) op 'n aantal hiate en desiderata in die uitspraakaanduiding van die **WAT**, byvoorbeeld die afwesigheid van klemaanduiding in die fonetiese transkripsie, die gebruik van ronde in plaas van vierkantige hakies, transkripsie van enkelvoud- en meervoud- en ander gevalle waar verskillende klanke ortografies deur dieselfde letter weergegee word, en aandag aan tweesillabige gevalle wat ook eensillabig uitgespreek word, byvoorbeeld **reën, koeël, maer, teë**. Opmerkings van dié aard impliseer bepaalde normeringsverwagtings van die kant van die gebruiker. Daaraan, en ook aan 'n konsekwenter vermelding van uitspraak by die kategorieë woorde wat hierbo onder (a) tot (c) vermeld is, sal redaksioneel aandag gegee moet word.

### 3.2.4 Woordsoortlike funksie en morfologie

Woordsoortlike funksie of funksiewisseling word aangedui, gegrond op bewysmateriaal. By simplekse word die morfologie van die betrokke funksie gegee, naamlik meervouds- en verkleiningsvorme, trappe van vergelyking en werkwoordsvorme. Die vermelding van sulke vorme moet eweneens op deurslaggewende gegewens of op onbetwisbare introspektiewe kennis van die redaksie berus. By werkwoorde word deelwoorde, en veral teenwoordige deelwoorde met

http://spilplus.journals.ac.za/



werkwoordelike funksie, byvoorbeeld alleen vermeld wanneer hulle algemeen gebruiklik is of in die literatuur aangetref is en nie alleen potensieel bestaan nie. Daardeur word normerende leiding aan die gebruiker gegee. Dit is ook die geval met die aangee van vormvaste meervouds- of verkleiningsvorme as trefwoorde, byvoorbeeld **kortbroekjare**, **korture**, **koppie**[2], **kortstertjie**.

### 3.2.5 Etimologie

Etimologie, *met inbegrip van volksetimologie*, word volgens 'n vaste redaksionele stelsel selektief by trefwoorde vermeld. In 'n sinchroniese woordeboek soos die **WAT** het etimologie hoogstens informatiewe waarde en dien die aangee daarvan op 'n enkele uitsondering na nie 'n normeringsdoel nie. Dié uitsondering is die aanduiding dat 'n Afrikaanse trefwoord of uitdrukking na 'n vreemdetaalmodel gevorm is. Daardeur ontvang die gebruiker inligting wat vir hom van normerende waarde kan wees met die oog op die handhawing van suiwer taalgebruik, veral ten opsigte van *gevalle wat vroeër* redaksioneel sonder meer as **anglisisme** gesinjaleer is.

### 3.2.6 Gebruiksaanduidings

In ooreenstemming met universele leksikografiese praktyk, gee die **WAT** ook gebruiksaanduidings (in Engels gewoonlik "usage labels" genoem) by trefwoorde, woordvorme of uitdrukkings (of by bepaalde betekenisse daarvan) wat weens een of ander gebruiksaspek nie sonder kwalifikasie gegee kan word nie. Sulke aanduidings word kursief tussen ronde hakies of as deel van die definisie gegee, en kan in vyf kategorieë ingedeel word.

#### 3.2.6.1 Vakgebiede

Die vakgebiede wat in dié kategorie aangedui word, sluit onderafdelings in van die kunste, geesteswetenskappe, natuurwetenskappe, tegniek, bedrywe en ambagte, byvoorbeeld **fotografie**, **skilderkuns**, **toneelkuns**; **filosofie**, **psigologie**, **taalkunde**; **chemie**, **fisiologie**, **plantkunde**, **soölogie**; **masjinerie**, **papiervervaardiging**, **telekommunikasie**; **bankwese**, **landbou**, **staalbedryf**; **haarkappery**, **skoenmakery**, **tuiemakery**.

http://spilplus.journals.ac.za/



**3.2.6.2 Gebruiksfeer en taalkringe**

Hierdie kategorieë is dikwels moeilik van mekaar onderskeibaar en sluit onder meer in **Bybeltaal**, **digterlike taal**, **godsdienstaal**, **delwerstaal**, **hengelaarstaal**, **kerktaal**, **kindertaal**, **militêre terme**, **parlementêre terme**, skooltaal, studentetaal, visserstaal.

**3.2.6.3 Gebruiklikheid**

In dié kategorie dui **minder gebruiklik**, **minder gewoon**, **soms** aan dat die woord, vorm of uitdrukking oor die hele taalgebied of in geskrewe bronne voorkom, maar nie so goed bekend is nie en dikwels nie 'n erkende wisselvorm is nie. Met **geleentheidsvorming**, **ongewoon**, **selde**, **weinig gebruiklik** word sporadiese vookoms aangedui wat egter nie aan 'n bepaalde plek of streek van optekening gebonde is nie. Die aanduidings **geleentheidsvorming**, **minder gewoon**, **ongewoon** word tans selde gebruik. Kontemporêre ongebruiklikheid weens tydsverloop word aangedui deur **argaïsties**, **histories**, **verouderd**, **verouderend**.

**3.2.6.4 Plek- of streekgebondenheid**

Dié kategorie word onderskei deur die aanduidings **gewestelik**, **nie algemeen nie**, **nie-algemeen**. Voorkoms wat beperk is tot sekere gemelde plekke of streke van optekening word daardeur aangedui. Die aanduiding **gewestelik** word tans selde gebruik.

**3.2.6.5 Sosiolinguistiese status**

In teenstelling met die voorgaande vier kategorieë, waarby gebruiksbeperking sonder sosiolinguistiese kwalifisering aangedui word, gee die aanduidings in hierdie kategorie aan die gebruiker 'n indruk van 'n negatiewe sosiolinguistiese evaluering van die betrokke gevalle, en van die graadverskille daarby betrokke. 'n Min of meer stygende stigmatiseringslyn word aangedui deur kwalifikasies soos **geselstaal**, **ironies**, **skertsend**, **neerhalend**, **onfyn**, **kragterm**, **skeldtaal**, **plat**.

http://spilplus.journals.ac.za/



Aanduidings soos **anglisisme** en **germanisme** is in vroeër dele van die WAT gebruik. Tans word by sulke gevalle alleen die etimologie gee, aangesien die onaanvaarbaarheid van die gevalle dikwels deur inburgering verval het. Deur 'n mededeling van die taalkundige agtergrond aan die gebruiker, verkry hy die nodig voorligting vir die toepassing van selektiewe sensurering. Voorbeelde is:

1. **kortkop** (n/d E. "short head")
2. jou **merk maak** (n/d E. "to make one's mark")
3. sobieso, **sowieso** (n/d D. "so wie so")
4. voor, gelede (n/d D. "vor")

In die Inleiding van **WAT** I (p. iv) word gesê dat **geselstaal** gebruik word "om woorde of uitdrukkinge aan te dui wat algemeen in die omgangstaal, selfs van hoog ontwikkelde sprekers, voorkom, maar nog nie deur die beste sprekers en skrywers as standaard-Afrikaans erken word nie". Met die taaldemokratisering wat ook Afrikaans allengs ondergaan het, geld die slotgedeelte van die aanhaling nie meer nie. Geselstaal (Engels **colloquial**) word redaksioneel nie as substandaard beskou nie, maar eerder as 'n <u>informele</u> vorm van die standaardtaal. Die verwysingsveld van **plat**, soos in **WAT** I omlyn, word egter nog gehandhaaf, naamlik "woorde en uitdrukkinge wat nie in beskaafde geselskap tuishoort nie en wat in stryd is met die opvattings van goeie smaak". Dié karakterisering geld mutatis mutandis ook vir **onfyn, kragterm** en **skeldtaal.**

Die aanduiding **neerhalend** verwys na 'n gebruiksgebied wat in die jongste tyd leksikografies opmerklik sensitief geword het, naamlik dié van benamings en uitdrukkings met rassisties of seksisties kwetsende waardes (vergelyk byvoorbeeld (Burchfield 1980), (Both e.a. 1980), (Gershuny 1974), (Graham 1974), (Jansen 1981) en (Whitcut 1984)). Die redaksie van die **WAT** neem kennis van sensitiwiteite in dié kader, en trag, in 'n nog groter mate as in die verlede, om deur versigtige formulering juiste normerende voorligting aan die gebruiker te gee.

Teenoor die voorgaande negatiewe kwalifikasies dui **eufemisties** op 'n amelioratiewe status van die betrokke woord of uitdrukking, vergeleke met die pejoratiewe status van die begrip waarvoor dit as eufemisme geld. Hoewel daar hier nie sprake van direkte normering is nie, word die gebruiker se aandag deur die aanduiding (**eufem.**) en die formulering van die

http://spilplus.journals.ac.za/



definisie wel indirek normerend op die gestigmatiseerde status van die basiese begrip gevestig.

### 3.3 Betekenis

Die hoofdoel van verklarende woordeboeke is om die betekenisskat van die betrokke taal so noukeurig en volledig moontlik weer te gee. Dit geld vir nasionale sowel as handwoordeboeke, hoewel volledigheid by handwoordeboeke uiteraard afhanklik is van die beslote omvang van die betrokke uitgawe. Die naslaan van die betekenisse van woorde en uitdrukkings kan dan ook as die vernaamste oorweging vir die raadpleging van 'n verklarende woordeboek deur die gebruiker beskou word. In dié proses kry die gebruiker in hoofsaak met drie aspekte van betekenis te doen.

#### 3.3.1 Definisies

Die betekenisse van woorde of uitdrukkings wat die **WAT** op grond van sy materiaalversameling onderskei, word in die vorm van definisies weergegee. Naas die algemene beginsel dat die definisie die trefwoord kontekstueel moet kan vervang, met of sonder die nodige sintaktiese aanpassings, is formulering en inhoud van die vernaamste definisieprobleme in verklarende woordeboeke. Die definisie moet na formulering vir die deursneegebruiker bevatlik en na feitelike inhoud korrek wees. Aangesien die definisie, soos tans in die **WAT** gehanteer, gewoonlik uit een sin of frase bestaan, moet die inhoudelike gegewens beperk word tot die minimum wat nodig is om die gedefinieerde begrip van ander te onderskei.

Kritici het die **WAT** in die verlede dikwels die verwyt gemaak dat baie van sy definisies te lank en te ingewikkeld is, veral vanweë te veel saakbesonderhede, en bygevolg as te ensiklopiedies beskou kan word. Gekoppel hieraan is ook die beswaar geopper dat die **WAT** hom skuldig maak aan 'n proliferasie van betekenisse en betekenisskakerings, dit wil sê dat betekenisse onderskei word wat in werklikheid geen betekenisse is nie, maar eerder gebruikstoepassings. Dit sou ons egter te ver voer om die verskillende fasette van dié probleme in hierdie artikel te probeer uitpluis. Ek verwys eerder na Van Schalkwyk en Kroes (1979:104) se vermelding van besware teen die **WAT**, en na my behandeling van besware van bogenoemde aard wat in die verlede deur resensente van verskillende dele van die **WAT** uitgespreek is,

http://spilplus.journals.ac.za/



asook na my uiteensetting van die redaksie se reaksie op sulke besware (Hauptfleisch 1982). In die Inleiding van **WAT** VII word die hersiene redaksionele beleid ten opsigte van die vorm en ensiklopediese aspekte van definisies kortliks soos volg aangedui:

(1) Definisies sal korter wees, met weglating van nie-essensiële saakbesonderhede.

(2) Lemmas wat alleen van ensiklopediese belang is, word nie opgeneem nie, terwyl die opname van vakterme beperk word, in die besonder tot dié wat gebruiklik is in kommunikasie tussen vakman en leek.

### 3.3.2 Volgorde en groepering van betekenisse

Hoewel die **WAT** ook verouderde woorde, uitdrukkings en betekenisse opneem, is die uitgangspunt nietemin sinchronies van aard. Dit bring mee dat die tans gebruiklikste of belangrikste betekenis eerste geplaas word. Waar die materiaalgegewens op geen besondere gebruiklikheids- of belangrikheidsvoorrang dui nie, sou die ouer of oudste betekenis wel voorrang kan kry, sonder om die redaksionele benadering daardeur 'n diachroniese karakter te gee. In aansluiting hierby word verbandhoudende betekenisse saam gegroepeer, met toepaslike hoof- en subnumering, waarby algemene betekenisse gevolg word deur besondere, weinig gebruiklike of verouderde betekenisse.

### 3.3.3 Betekenisverwante woorde en uitdrukkings

'n Belangrike aspek van wat die **WAT** as sy betekenisbehandelingstaak sien, is dié van die aanduiding van betekenisverwantskap tussen woorde en woorde, tussen uitdrukkings en uitdrukkings, en tussen woorde en uitdrukkings. Dié aanduiding geskied deur sinoniem-, antoniem- of homoniemvermelding en -verwysing, maar ook deur die instruksie **vergelyk**, waardeur na trefwoorde of uitdrukkings verwys word wat na betekenis in een of ander opsig vergelykbaar is, of waar daar aanvullende inligting ten opsigte van betekenis of gebruik te vinde is.

http://spilplus.journals.ac.za/



## 3.4 Gebruiksvoorbeelde

Hoe versigtig en weldeurdag dié definisies in 'n leksikografiese artikel ook al geformuleer is, die direkte aanbod van gebruiksvoorbeelde kan, vanuit die oogpunt van die gebruiker, geredelik as die **pièce de résistance van** die artikel beskou word. Daardeur verkry die gebruiker feitlik 'n visuele insae in die moontlike gebruikswyses en -toepassings van die trefwoord of betrokke uitdrukking.

Die **WAT** gee gebruiksvoorbeelde in die vorm van redaksionele frases of sinne, en ook in die vorm van sitate. Die redaksionele voorbeelde bestaan hoofsaaklik uit kollokasies (sien **WAT** VI), dit wil sê gebruiklike verbindingsmoontlikhede waardeur byvoorbeeld die gebruik van bepaalde voorsetsels saam met bepaalde ander woordsoorte, of van adjektiewe of werkwoorde saam met bepaalde substantiewe aangedui word. Die oogmerk is om die gebruiker van praktiese voorligting te dien in die korrekte gebruik van die betrokke woord.

Sitate as gebruiksvoorbeelde illustreer dikwels nie alleen die bogenoemde verbindingsmoontlikhede nie, maar dien uiteraard ook as bewyse van die gebruik van die woord of uitdrukking in Afrikaans in die vermelde betekenisse, gebruiksfere of -verbande, of van die gebruik met bepaalde gevoelswaardes. As werklike voorbeelde van gebruik is sitate dus kontekstuele voorligtingsmodelle vir die gebruiker, waarvan die status gewoonlik berus op die status van die bronne daarvan. Hulle kan ook 'n aanduiding gee van die ouderdom van die woord of uitdrukking in Afrikaans en verkry daardeur 'n belangrike taalhistoriese funksie.

In die Inleiding van **WAT** I, p. iv, word gesê:

> "Hierdie (redaksionele) ophelderende sinne ontbreek soms waar die Redaksie geen geskikte voorbeelde kon vind nie. Hulle is met opset weggelaat by sekere ongewone woorde van vreemde oorsprong wat wel volledigheidshalwe opgeneem is, maar waarvan die gebruik in Afrikaans as oorbodig beskou kan word omdat hulle maklik vervangbaar is deur volkswoorde. As voorbeelde van hierdie tipe kan die volgende genoem word: **adhereer, adherent, adekwasie, adekweer.**"

Dié siening word tans nie meer deur die redaksie gehuldig nie. Die huidige opvatting is dat ook vreemde woorde sonder diskriminasie opgeneem word indien daar voldoende bewyse bestaan dat hulle reeds deel van die Afrikaanse

http://spilplus.journals.ac.za/



leksikon vorm. Sitate lewer hiervan goeie stawende getuienis. Vergelyk byvoorbeeld lemmas soos **kollaboreer**, **kollasie**, **kollektiwiteit**, **kolloïde**, **kollusie**, **kolluviaal** in **WAT** VI, en **kommensaal**, **kommissoriaal**, **kommunard**, **konasie**, **konkresie**, **konnektief**, **korpus**, **korrektief**, **korrosie**, **korrumpeer** in **WAT** VII.

## 3.5 Opmerkings

Deur middel van opmerkings (**OPM.**) in artikels kry die gebruiker bykomende inligting of voorligting oor die taalkundige gedrag of die praktiese (korrekte) gebruik van die betrokke lemma. Voorbeelde hiervan verskyn by onder andere **-dis**[7], **eventueel** (albei in **WAT** II), **haarself**, **handig** II, **herhalingsamestelling**, **homself**, **hoop**[2] II, Uitdr., **hulle**[1], **-hulle**[2], **hulleself**, **in**[1] I, 1(a)(1) en (b)(1), **-ing** (almal in **WAT** IV), **jouself**, **kas**[1] (albei in **WAT** V). By **korsakkedis** (**WAT** VII) het die redaksie die **OPM.** benut om 'n fout wat by **gilamonster** en **Heloderma** voorkom, reg te stel.

## 3.6 *Taalnormering en die gesag van die WAT*

Die huidige redaksionele beleid van die **WAT** is in geen opsig doelbewus en primêr normerend ingestel nie. Direkte of indirekte uitsprake oor die semantiese, sintaktiese of morfologiese gedrag van woorde of uitdrukkings in Afrikaans, wat vir die gebruiker ondubbelsinnig as preskriptiewe normering mag voorkom, moet egter as geïmpliseerde normering opgevat word. Dit geld ook vir afdelings soos ortografie en uitspraak, wat tradisioneel *aanvaarde kandidate vir normering is*. Ook hier, soos by afdelings soos trefwoordseleksie, morfologie, gebruiksaanduidings en betekenis, is dit nie 'n geval van uitsprake deur die redaksie alleen op eie gesag en verantwoordelikheid nie, maar berus sulke uitsprake primêr op die ondersoek en beskrywing van versamelde gegewens, in die genoemde gevalle meer bepaald die inligting wat uit bestaande ortografiese of uitspraakbronne verkry word. Dit geld selfs vir uitsprake in **opmerkings** waarna hier bo in par. 3.5 verwys is. Die **WAT** is dus in eerste instansie deskriptief ingestel, en nie preskriptief of proskriptief *normerend nie. Hierin sluit hy hom aan by die* uitspraak van Kruyskamp (1956:20) oor die **WNT**, mits die "hoe het moet" gesien word as afhanklik van en afgelei uit die beskrewe materiaal:

http://spilplus.journals.ac.za/



"Het woordenboek kan zeggen 'hoe het moet', omdat daarin aan een overvloed van materiaal is nagegaan hoe het woordgebruik en de constructie in de loop der tijden geweest is en *nu nog* is. Het moet niet zo omdat het woordenboek het zegt, maar het woordenboek zegt hoe het moet, omdat het heeft onderzocht hoe het zo geworden is."

Hoe klinies korrek die leksikograaf egter ook al meen dat hy ten opsigte van beskrywing teenoor voorskrywing optree, kan hy nie sy oë sluit nie vir die feit dat die deursneegebruiker die woordeboek desondanks beskou as 'n gesagsbron vir kitsoplossings van sy probleme. Die kwessie van die gesag van woordeboeke vanuit die praktiese gebruiksoogpunt beskou, het dan ook reeds indringende aandag van skrywers oor die leksikografie ontvang. Vir Engels kan verwys word na die publikasies van byvoorbeeld Hulbert (1955:99-101), Wells (1973:92-95), Barnhart (1980) en Robinson (1982), (waarin sy die rol van die woordeboek as getuienis in hofsake bespreek), en vir Afrikaans na dié van byvoorbeeld Odendal (1978) en Eksteen (1984c:141-143). Veral Odendal se studie is 'n insiggewende en goed gedokumenteerde oorsig oor die probleem.

In die lig van Hulbert (1955:11) se feitlik klassiek geworde uitspraak dat "the authority of dictionaries is only that of the men who made them", kan tereg gevra word wat die gesag van die redakteurs van die **WAT** en bygevolg van die **WAT** self is. Hieroor kan natuurlik *in extenso* gespekuleer word. Self sien die redaksie die saak soos volg: Hulle eie gesag berus op hulle introspektiewe en waarnemingskennis van Afrikaans, en op hulle praktykverworwe leksikografiese ervaring. Dié kennis dien as rigsnoer by die evaluering van die massale materiaalkorpus van meer as drie miljoen sitate en ander gebruiksoptekeninge waaruit die **WAT** saamgestel word. Die gesag van die **WAT** berus ten slotte op sy onvergelyklik omvattende korpus van Afrikaans, en op die leksikografiese gesag wat die gebruiker eventueel bereid is om aan die redaksie toe te skryf, soos dit vir hom uit die bewerkingswyse van dié korpus na vore tree.

http://spilplus.journals.ac.za/



# BIBLIOGRAFIE

## 1. Boeke en artikels


Al-Kasimi, Ali M. (1977) **Linguistics and bilingual dictionaries.** Leiden: E.J. Brill.

Barnhart, Clarence L. (1980) "What makes a dictionary authoritative", in L. Zgusta (ed.): **Theory and method in lexicography: Western and non-Western perspectives.** Columbia: Hornbeam Press, Inc. (pp. 33-42).

Boshoff, S.P.E. (1956) **Radiopraatjies oor Afrikaans.** Johannesburg: Voortrekkerpers.

Boshoff, S.P.E., Benedictus Kok & F.J. Snijman (1964) **Kruis en kors.** Johannesburg: Voortrekkerpers.

Both, Nelleke, e.a. (1980) "Seksismen in Van Dale"; **Moer** 1:2-7.

Burchfield, Robert (1980) "Dictionaries and ethnic sensibilities", in L. Michaels and C. Ricks (eds.): **The state of the language.** Berkeley: University of California. (pp. 15-23)

Cluver, A.D. de V. (1974) "Die mens voor die woordeboek versus die mens agter die woordeboek", **Tydskrif vir geesteswetenskappe** 14:100-122.

Cluver, A.D. de V. (1975) "Die aard en ontwikkeling van Afrikaans as vaktaal", **Tydskrif vir geesteswetenskappe** 15:329-350.

Clüver, A.D. de V. (1976) "Die term as norm", in P.J. Nienaber e.a. (reds.): **1875-1975. Studies oor die Afrikaanse taal.** Johannesburg: Perskor-Uitgewery. (pp. 14-27)

Coetzee, Japie (s.j.) **Kom ons praat en skryf korrek.** Kaapstad: Maskew Miller.

Combrink, Johan (s.j.) **Taaltrots.** Durban: Die skrywer.

Combrink, J.C. (1974) **Spel reg1**[2] Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.

Combrink, J.C. (1975) **Aspekte van taalgebruiksvaardigheid vir studente en Jan Burger.** Potchefstroom: Pro Rege.

http://spilplus.journals.ac.za/



Du Plessis, E.P. (1979) **Die Kennis gids tot moderne Afrikaans.** Kaapstad: Human & Rousseau.

Eksteen, L.C. (1978) **Die Afrikaanse woord.** Pretoria: Academica.

Eksteen, L.C. (1981) **Die gebruik van die hoofletter in Afrikaans**[2]. Pretoria: Academica.

Eksteen, L.C. (1984a) **'n Beeld van Afrikaanse woorde.** Pretoria: Academica.

Eksteen, L.C. (1984b) "Die rol van die Akademie in die standaardisering van Afrikaans", in J.C. Moll e.a. (reds.): **Akademie 75.** Pretoria: S.A. Akademie. (pp. 56-66)

Eksteen, L.C. (1984c) "Die Afrikaanse woordeskat", in T.J.R. Botha e.a. (reds.): **Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde.** Pretoria: Academica. (pp. 134-169)

Engelbrecht, Herman (1980) **Nuwe Afrikaanse taalgids**[2]. Pretoria: Uitgewery Oranje.

Gershuny, H. Lee (1974) "Sexist semantics in the dictionary", **ETC.: A review of general semantics** 31:159-169.

Gouws, R.H. (1984) "Uitspraakleiding in Afrikaanse woordeboeke", in V.N. Webb (red.): **Kongresreferate, 20ste nasionale kongres, LVSA.** Pretoria: Universiteit van Pretoria. (pp. 279-302)

Graham, Alma (1974) "The making of a non-sexist dictionary", **ETC.: A review of general semantics** 31:57-64.

Hartmann, R.R.K. (ed.) (1984) **LEXeter '83 proceedings.** Tübingen: Max Niemeyer Verlag.

Hauptfleisch, D.C. (1982) "Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal: verlede, hede en toekoms", in M.C.J. van Rensburg (red.) 1982: **Kongresreferate, 18de nasionale kongres, LVSA.** Grahamstad: Rhodes-Universiteit. (pp. 89-112)

Hiemstra, L.W. (1980) **Die juiste woord.** Versorg deur J.J. Spies. Kaapstad: Tafelberg; Goodwood: Nasou.

*Householder, Fred W. & Sol Saporta (1967)* **Problems in lexicography.** Bloomington: Indiana University.

http://spilplus.journals.ac.za/



Hulbert, James Root (1955) **Dictionaries British and American**. London: Andre Deutsch.

Jansen, F. (1981) "Voorbeeldige sexismen in Van Dale", **Onze taal** 50:42-43.

Kipfer, Barbara Ann (1984) **Workbook on lexicography**. Exeter: University of Exeter.

Kruyskamp, C. (1956) "Het woordenboek en 'hoe het moet'", **Onze taal** 25:20-21.

Labuscagne, G.J. (1960) **Doeltreffende briefwisseling**. Johannesburg: Dagbreek Boekhandel.

Le Roux, J.J. (1944) **Praatjies oor ons taal**[2]. Kaapstad: Nasionale Pers.

Le Roux, J.J. (1952) **Anglisismes**. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Le Roux, T.H. (1965) **Afrikaanse taalstudies**[10]. Pretoria: J.L. van Schaik.

Odendal, F.F. (s.j.) **Aspekte van taal**[2]. Elsiesrivier: Nasou.

Odendal, F.F. (1978) "Die gesag van die woordeboek", in H. Snyman (red.): **Uit vier windstreke. Studies opgedra aan prof. dr. Meyer de Villiers**. Goodwood: Nasou Beperk. (pp. 65-77)

Picard, J.H. (1976) "Die probleem van normering in die Afrikaanse vaktaal", **Taalfasette** 20(4):1-20.

Picard, J.H. (1980) **Die probleem van normering in die Afrikaanse vakterminologie**. Doktorale proefskrif. Pretoria: UNISA.

Picard, J.H. (1981) "Militêre terminologie - die gesamentlike wapen", **Die Taalpraktisyn** no. 4:76-84.

Robinson, Jennifer (1982) "The dictionary as witness", **Dictionaries** 4:110-117.

Roget, Peter Mark (1962) **Roget's international thesaurus**[3]. New York: Thomas Y. Crowell Company.

Smith, J.J. (1962) **Op ons taalakker**. Pretoria: J.L. van Schaik.

http://spilplus.journals.ac.za/



Smith, James W. (1979) "A sketch of the history of the dictionary of English usage", in J.E. Congleton et al. (eds.) **Papers on lexicography in honor of Warren N. Cordell**. Terre Haute: The Dictionary Society of North America. (pp. 47-58)

Terblanche, H.J. (1943) **Die aanmekaarskryf van woorde in Afrikaans**. Pretoria: J.L. van Schaik.

Terblanche, H.J. (1972) **Regte Afrikaans**. Johannesburg: Willem Gouws.

Twee Oud-onderwysers (1937) **Taalgoggas in die daelikse lewe**. Kaapstad: Nasionale Pers.

Van der Merwe, H.J.J.M. (s.j.) **Lees- en skryftekens**[2]. Kaapstad: Nasou.

Van der Merwe, H.J.J.M. (1982) **Die korrekte woord. Afrikaanse taalkwessies**[6]. Hersien deur F.A. Ponelis. Pretoria: J.L. van Schaik.

Van Schalkwyk, D.J. & G. Kroes (1979) **Doeltreffende Afrikaans**. Goodwood: Nasou.

Van Wyk, E.B. (1978) "Sosiolinguistiese norme in taalgebruik", in F.F. Odendal (red.): **Gesag en norm in die taal en letterkunde II**. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit. (pp. 99-120)

Wells, Ronald A. (1973) **Dictionaries and the authoritarian tradition**. The Hague: Mouton.

Whitcut, Janet (1984) "Sexism in dictionaries", in R.R.K. Hartmann (ed.) 1984:141-144.

Zgusta, Ladislav (1971) **Manual of lexicography**. Prague: Academia; The Hague: Mouton.

**2 Woordeboeke en woordelyste**

Fowler, H.W. (1968) **A dictionary of modern English usage**[2]. Revised by E. Gowers. Oxford: Clarendon Press.

Grimm, Jacob & Wilhelm Grimm (1854 u.ff.) **Deutsches Wörterbuch**. Leipzig: Verlag von S. Hirzel.

**HAT** (1979) **Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal**[2]. Hoofredakteur F.F. Odendal. Johannesburg: Perskor-Uitgewery.

http://spilplus.journals.ac.za/



**Heritage** (1973) **The Heritage illustrated dictionary of the English language**. Editor W. Morris. New York: American Heritage Publishing Co., Inc.

**OED** (1933) **The Oxford English dictionary**. Editors J.A.H. Murray et al. Oxford: Clarendon Press.

**OED Supplement** (1972 et seqq.) **A supplement to the Oxford English dictionary**. Vol. I. Editor R.W. Burchfield. Oxford: Clarendon Press.

Pleknamekomitee (1978) **Amptelike plekname in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika. Official place names in the Republic of South Africa and in South-West Africa**. Pretoria: Die Staatsdrukker.

Pretorius, J.G. du P. & L.C. Eksteen (1981) **Afkortingswoordeboek. Dictionary of abbreviations**. Johannesburg: Perskor.

**Random House** (1967) **The Random House dictionary of the English language**. Editor in Chief J. Stein. New York: Random House.

**Standard Dictionary** (1893 et seqq.) **A standard dictionary of the English language**. Editor-in-Chief I.K. Funk. New York: Funk and Wagnalls.

Taalkommissie van die S.A. Akademie (1964) **Afrikaanse woordelys en spelreëls**[7]. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Taalkommissie van die S.A. Akademie (1984) **Lys klassieke eiename**. Kaapstad: Tafelberg.

Vaktaalburo (1968) **Chemiewoordeboek. Chemical dictionary**. Johannesburg: Voortrekkerpers.

**Van Dale** (1976) **Groot woordenboek der Nederlandse taal**[10]. Bewerk deur C. Kruyskamp. 2 Dele. 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff.

**Van Dale** (1984) **Groot woordenboek der Nederlandse taal**[11]. Bewerk deur G. Geerts en H. Heestermans. 3 Dele. Utrecht: Van Dale Lexicografie.

**WAT** (1950 e.v.) **Woordeboek van die Afrikaanse taal**. Hoofredakteurs P.C. Schoonees, F.J. Snijman en D.C. Hauptfleisch. Pretoria: Die Staatsdrukker.

**Webster** (1828) **The American dictionary of the English Language**. Editor Noah Webster. 2 Vols. New York.

http://spilplus.journals.ac.za/



Webster (1961) **Webster's third new international dictionary of the English language**. Editor in Chief P.B. Gove. London: G. Bell & Sons.

**WNT** (1882 e.v.) **Woordenboek der Nederlandsche taal**. Bewerk deur M. de Vries e.a. 's-Gravenhage, Leiden: M. Nijhoff.